

Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Augustus 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 106:19, 20 (p. 527)

- 19 So het die HEER hul medely / laat vind, ook by die weerparty.
Verlos ons, HEER, wees ons geneë / en bring ons van die nasies weer
uit banningsoorde vergeleë, / dat ons met roemtaal U kan eer.
- 20 Geloofd sy God! Sy bondbestel, / sy goedheid heers in Israel.
Geloofd sy God in ewighede; / Hy, Isr'els HEER, is God alleen!
'n "Amen" klink uit ver verlede, / 'n "Amen" deur die hede heen!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 106:1, 2 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die ewige HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

Gebed

Skrifberyming 2-2:1, 2 (Sb 34)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 2 Stuur God ons sy bevrydingswoord – / bring dan, o heemle, wolke voort, / waaruit soos reënstrale
geregtigheid van uitkoms sing / en ons die blye boodskap bring / van skoonste seëprale.
Dan sal die aarde^ouit vrugb're kluit / die heil en vrede uit laat spruit – / geen onheil is daar meer nie!
Die reg sal uit die aarde breek, / want God die HEER het dit gespreek, / en niemand kan dit keer nie.

Skriflesing: Rigters 3:7-31

Kernverse: Rigters 3:15

Maar toe die kinders van Israel die HERE aanroep, het die HERE vir hulle as verlosser verwek: Ehud, die seun van Gera, die Benjaminiet, 'n man wat links was. Deur hom stuur toe die kinders van Israel die belasting aan Eglon, die koning van Moab.
(Rigters 3:15 AFR53)

Tema: Die Here verlos sy volk op 'n verrassende wyse

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die Here openbaar Homself in sy Woord aan ons as die betroubare God. Wanneer Hy vir sy volk sê dat Hy sy verbond met hulle in ewigheid nooit sal verbreek nie, staan dit vas. Sy verhouding met sy volk bly van sy kant af altyd bestendig. Selfs vir ons wat vandag die voorreg het om in die Here te glo is dit 'n groot troos. Wanneer die Here Hom een maal daartoe verbind het om 'n mens te verlos en sy kind te maak, hou Hy net nooit op om hierdie mens aanhoudend in sy teenwoordigheid in te trek nie.

Die Here is dus onveranderlik en van ewigheid tot ewigheid dieselfde. Hy sal Homself met alles wat Hy doen verheerlik en die doel bereik met sy mense en sy skepping wat Hy self in die ewigheid gestel het. Die Here wil 'n volmaakte skepping hê waarin sy eer en majesteit uitbasuin word. Hy wil volmaakte mense hê wat sy beeld in hulle omgang met die skepping, met mekaar en met Hom vertoon.

Met dit gesê, moet 'n mens nou nie die fout maak om te dink dat jy die Here nou ten volle kan begryp nie. Daarmee bedoel ons dat jy nou nie presies kan uitwerk op watter wyse die Here sy werk elke keer sal doen nie. Die Here sal nooit vasgevang kan word sodat die mens presies kan voorspel hoe die Here te werk moet gaan nie. Die Here ons God is gans te groot en verhewe dat 'n mens dit met Hom kan regkry. Salomo het dit al bely toe hy die tempel vir die Here in Jerusalem voltooi het. Hy het gesê:

Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het.

(1 Konings 8:27 AFR53)

Die Heilige Gees het al verlede Sondag daarop gewys dat Here in sy werkswyse nie met die mens se denke vasgevang kan word nie. As Hy vir Israel sê dat die oorblywende heidene in die land hulle vyande sal wees en hulle afgode vir Israel 'n strik sal wees, is dit nie al rede waarom die Here nie die oorblywende heidene uit die land verdryf nie. Hy tugtig nie net sy volk met die heidene nie. Hy gebruik die heidene ook om Israel se geloof te toets en om hulle te leer om oorlog te voer.

Broers, susters en kinders, wanneer die Here Homself in sy werk deur middel van Ehud openbaar, wys die Heilige Gees ons nog 'n maal daarop dat die Here se werk verrassend is. Van Ehud word daar in ons vertalings gesê dat hy links was. Vir ons is dit nie vreemd om iemand wat links is te ken nie, maar wanneer dit in die Bybel geskryf staan, dwing die Heilige Gees ons om nie maar net kennis te neem daarvan nie. Hy bring ons tot stilstand om aandagtig te kyk na wat die Here doen.

In die Bybel hoor ons dat die regterhand die verkieslike hand is. Met sy regterhand seën die Here sy volk en met sy regterhand verwoes Hy sy vyande. Sy regterhand is sy regeerhand – die hand van krag. Ons verhoogde Here Jesus Christus sit ook aan die regterhand van God. Maar wanneer die Here die tweede verlosser vir sy volk verwek, gebruik Hy 'n man wat links is. Dit is iets waaraan 'n mens nie gewoond is nie.

Trouens, wanneer die Here die eerste verlosser – Otniël uit die stam van Juda – vir Israel verwek, pas alles in soos wat 'n mens verwag en waaraan 'n mens gewoond is. Juda is tog die stam aan wie die Here die regeerskap beloof het (Gen 49:10). Alles tydens Otniël se rigterstyd van veertig jaar val in plek soos wat die inleiding van die boek ons voorberei het. Israel het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Die Here laat die Arameërs Israel oorheers. Israel bekla hulle lot by die Here. Dan verwek die Here 'n verlosser en hy verlos hulle van die Arameërs en vir veertig jaar is daar rus totdat Otniël sterf.

Alhoewel die patroon homself herhaal met Israel wat weer doen wat verkeerd is in die oë van die Here, is die Here se werkswyse glad nie voorspelbaar by die tweede rigter nie. Dit begin sommer met die volk wat die Here teen Israel gebruik. Dit is nie een van die halfdosyn heidense volke wat in die land oorgebly het nie. Die Here het vir Eglon die koning van Moab sterk gemaak teen Israel.

Die Moabiete was verlangs familie van die Israeliete – die nageslag van Lot, die neef van Abraham. Maar selfs al sou 'n mens aan die Moabiete as vyand dink, is dit 'n vyand

waarvoor 'n mens nie regtig skrik nie. Hulle het oos van die Jordaanrivier gewoon. En toe Moab die eerste keer met Israel te doen gekry het, was Moab deur vrees oorweldig vir Israel (Num 22:3). Moab was al vreesbevange toe hulle nog net gehoor het dat die Here sy volk uit Egipte verlos het (Eks 15:15).

Maar die Here gebruik juis Moab van wie Israel dit die minste verwag het om hulle te tug. En die slag wat koning Eglon en die mense van Ammon en Amalek vir Israel toedien, het hulle wind uitgeslaan Eglon het Jerigo – die Palmstad – in besit geneem. Jerigo was die eerste plek wat die Here in Israel se hand gegee en nou is dit van hulle af weggevat deur Moab. Niemand het so iets kon voorsien nie.

En as Israel na agtien jaar tot die Here roep, verwek Hy vir hulle 'n verlosser – Ehud, 'n man uit Benjamin, en hy is boonop nog links. Om die verrassende van God se werkswyse raak te sien en te waardeer, moet ons vir eers nie op daardie vaardige linkerhand van Ehud konsentreer nie.

In die Hebreeus staan dit nie so positief geskryf dat Ehud links was nie. In die Hebreeuse woorde word dit eerder duidelik dat Ehud se regterhand waarskynlik gebreklik was. Daarom kon hy nie sy regterhand gebruik soos ander mense nie. Almal wat met Ehud te doen gekry het, het eerste sy regterhand raakgesien en hom jammer gekry. Maar hier is ook ironie. Ehud kom uit die stam van Benjamin. Benjamin beteken *seun van die regterhand*.

Ehud sou nie geskik wees om in die leër van Israel te veg nie, want hy kan nie 'n swaard hanteer nie. En as hy nie 'n swaard met sy regterhand kan vashou nie, sal hy seker glad nie met 'n swaard kan veg nie. So het almal gedink. Daarom het Israel gereken dat hy die beste man is om met die belasting na Eglon te stuur – nie omdat die Here hom as verlosser verwek het nie, maar omdat hy nie sy regterhand kan gebruik nie. En die soldate van Moab het Ehud sonder enige agterdog toegelaat by die koning, want – ag foeitog – hy kan nie sy regterhand gebruik nie. Ehud was oënskynlik nie vir die Moabiete 'n veiligheidsrisiko nie.

Anders as by Othniël word daar nie gesê dat die Gees van die Here op Ehud gekom het nie. Maar ons kan aanvaar dat die Heilige Gees vir Ehud stilletjies gelei het. Daarom het Ehud vir hom 'n swaard gemaak wat hy versteek onder sy klere op sy regterheup kon dra. Israel weet niks van hierdie werk van die Heilige Gees in Ehud nie.

Die eerste taak waarvoor die Here vir Ehud uitstuur deur die Israëliete is nie om as verlosser op te tree nie, maar om die vernederende ding te gaan doen. Hy moet Israel se belasting aan koning Eglon gaan betaal. Die prentjie wat hier geskilder word voor die oë van Israel en Moab is nie een van bevryding nie, maar van onderwerping aan die vyand van die volk. Vir Israel wat al bewende hulle belasting aan die Moabiete bring, is Ehud net die regte man. Israel wil net nie moeilikheid hê nie en Ehud is net die regte man – hy kan nie moeilikheid maak nie, want hy kan nie sy regterhand gebruik nie.

Die boodskap wat oorgedra is met Ehud en die ander Israëliete saam met hom wat die belasting na Eglon gebring het, was 'n boodskap dat Israel aanvaar dat hulle nou maar slawe van die Moabiete is. Ewe gedwee betaal hulle die belasting. Daarna vertrek Ehud en die mense by hom terug huis toe. Maar dan bring die Here die verandering. Die Gees van die Here laat Ehud alleen terugkeer na koning Eglon toe.

As Ehud daar aankom, vermoed die Moabiete niks nie, want dit is mos maar net Ehud en

hy is alleen. En wanneer hy vir koning Eglon sê dat hy 'n geheime boodskap vir hom het, is Eglon ook nie eers bekommerd nie. Hy stuur dadelik sy lyfwag weg, want Ehud het 'n geheime boodskap vir hom. Die woord wat ons met *boodskap* vertaal, kan ook met *ding* vertaal word. Eglon wil graag weet watter geheime ding Ehud vir hom het en hulle gaan in die vertrek in waar net die koning gewoonlik alleen ingaan.

As Ehud alleen saam met die koning is, sê hy vir hom dat dit 'n woord is wat God aan Eglon stuur. En die woord is die dood van Eglon. Van die kant af wat niemand verwag nie – van sy regterheup af – het Ehud sy swaard getrek (met sy linkerhand) en dit in die maag van Eglon ingesteeek.

Toe die Here vir Otniël as verlosser verwek het, lyk dit asof alles so openlik gebeur sodat die hele Israel weet dat Otniël die held is wat die Here aan hulle gee om te volg. Otniël kom uit 'n geslag van helde. Sy oom Kaleb het geweet dat jy met die krag van die Here en in die Naam van die Here vir geen vyand hoef te skrik nie – al lyk die vyande soos reuse. Vir Israel was dit duidelik dat die Here se Gees op Otniël gekom het en hy het die volk in die oorlog gelei teen die Arameërs.

Maar wanneer die Here vir Ehud as verlosser verwek, gebeur alles so stil-stil en selfs geheimsinnig. Stilweg werk die Heilige Gees die Here se plan in Ehud uit. Israel is tevrede om maar hulle belasting aan Eglon te betaal en Ehud is net die regte man. Ook die Moabiete is houtgerus met Ehud in die koning se private woning. Alhoewel alles so doodgewoon gelyk het, was dit nie doodgewoon nie. Met misleiding en 'n sluipmoord deur Ehud begin die Here om sy volk van die Moabiete te verlos. Die Here span selfs die verleentheid van Eglon se paleis personeel in om sy volk te verlos. Solank as wat die personeel dink die koning is in die badkamer, so lank kry Ehud kans om terug te kom by sy mense.

Wanneer Ehud die ramshoring blaas sodat Israel saam met hom kan optrek teen die Moabiete, trek hulle nie op om 'n tradisionele oorlog teen die Moabiete te voer nie. Dit is ook nie so aanskoulik soos die verlossing wat die Here deur Otniël beskik het nie, maar die Here doen wat Hy besluit het – Hy verlos sy volk. Israel het die vluggende Moabiete by die Jordaanrivier ingewag en hulle daar van kant gemaak toe hulle probeer om na hulle eie land terug te vlug. Min in die hele verhaal is wat 'n mens normaalweg sou verwag.

Daar is egter 'n paar dinge wat konstant is ook in hierdie deel van die rigtertyd. Israel se sonde is dieselfde – daar is niks oorspronklik daaraan nie. Geliefdes, alhoewel ons die duiwel se uitgeslapenheid en ons eie sondige geaardheid se geneigdheid om ons tot sonde te verlei nooit mag onderskat nie, bly die doelwit van die duiwel en ons sondige aard voorspelbaar dieselfde. Dit maak nie saak hoe die verleiding ook al vir jou ingekleur word, die eindpunt van die verleiding is altyd opstand teen die Here. Elke paadjie weg van die Here en sy Woord af eindig in dieselfde afgrond waar jy misrabel voel, want die lekkerte van sonde is net totdat jy die sonde gedoen het.

Nog iets wat konstant is in hierdie openbaring, is dat die Here se gevoel oor die sonde nie verander nie – Hy haat dit steeds. En wanneer Israel struikel in die sonde laat die Here toe dat hulle vir agtien jaar lank die gevolge van hulle opstand teen Hom dra. Maar Hy bly steeds die God wat Hom oor sy volk ontferm. Wanneer hulle tot inkeer kom, vergewe en verlos Hy hulle soos Hy belowe het.

In hierdie openbaring van die Here in die tyd van Ehud se rigterskap maak die Heilige Gees dit duidelik dat die Here nie altyd op dieselfde manier te werk gaan nie. Die volk wat Hy gebruik om Israel te tugtig was dit nie te wagte nie. En die wyse waarop die Here die

verlossing vir Israel beskik het, was ook nie voor die hand liggend nie. Niemand sou ooit kon raai dat die linkshandige Ehud deur die Here gekies is as verlosser nie en dat die verlossing deur 'n sluipmoord sou begin nie.

Die wyse waarop die Here besluit het om sy uitverkorenes van hulle sonde en sy oordeel te verlos, is ook nie 'n manier wat mense verwag het nie. Alhoewel die profete vooruit geprofeteer het van die Messias wat gaan kom, het niemand verwag dat Hy van Nasaret af sal kom nie. Vir die Jode was Nasaret 'n veragtelik plek en jy het niks goeds daarvan verwag nie. Christus het ook nie op 'n skouspelagtige wyse afgereken met die vyand wat mense gedink het hulle het nie. Hy het op die vernederendste manier gesterf aan 'n kruis waaraan Hy vir drie uur deur sy Vader verlaat was. Jesus het ook nie gelyk soos iemand wat die verlossing kan gee nie, skryf Jesaja. Hy het nie die gestalte gehad dat mense Hom sou aansien nie, ook nie die voorkoms dat mense van Hom sou hou nie. Inteendeel, Hy is deur mense verag. Maar die wyse waarop Hy die verlossing bring, is die enigste wyse waarop God sy mense wil verlos. En sy Seun is die enigste Verlosser.

Die wyse waarop God besluit het en die mense wat Hy verkies het om hierdie verlossingsboodskap die wêreld in te dra, is ook nie die mense wat die wêreld sou verwag nie. Wat dwaas is vir die wêreld, gebruik die Here om die wysheid van hierdie wêreld tot niet te maak. Wat swak is in die wêreld, gebruik die Here om die krag van die wêreld onsin te maak. Die apostels wat Hy aanvanklik gebruik, is nie geleerde mense nie, maar mense wat hulle krag in Christus kry.

Daarom, broer, suster en kind, laat ons nederig buig voor die alwyse God. Hy kies self die middele wat Hy wil gebruik om sy doel te bereik. Sy doel is dat jy en ek Hom sal ken en naby Hom sal leef. Vir die een trek Hy saggies na Hom toe nader en vir ander een bring Hy met die slag van 'n ramp tot by Hom. Maar in albei gevalle wil Hy die twee mense red en laat groei in hulle verhouding met Hom. Om die Here se troue Vaderhand in al hierdie dinge raak te sien, verg dat die gelowige met sy oor teen die mond van die Heilige Gees sal lewe. Leef met jou oë in die Woord van die Here sodat jy stem kan hoor en kan volg waar die Gees jou lei. Moet daarom ook nie op jou eie swakhede en tekortkominge let nie. Voer die opdrag van die Here uit. Die bekering en verlossing is uiteindelik net sy werk waarin Hy jou en watter ander middel van sy keuse ook al gebruik.

Amen!

Slotgebed

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^oin psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
12 Augustus 2018